REDAKSIONEEL

Hoe modern en gekant teen die Christendom ons kultuur ook al mag wees, ons hoef nie te doen asof iets vreemds oor ons kom nie (1Pet. 4:12).

Dit lyk asof die Bybelwoorde vir vandag geskryf is. Dit is natuurlik ook so, want is Christus en sy Woord en Gees nie by ons tot die voleinding van die wêreld nie? Spoor Hy ons nie aan om die Woord gewillig aan te neem en daagliks na te gaan of dinge wel so is soos hulle aan ons voorgehou word nie (Hand 17:11)?
Hy druk ons op die hart om ons denke nie te laat oorheers deur eiewaan of deur die *kick* van die oomblik nie, maar om ons denke deur die Gees van Christus te laat vernuwe, sodat ons kan beproef wat die welgevallige en volmaakte wil van God is (Rom 12:2).

Hoe dikwels is ons nie met ons eie 'belangrike' sakies besig nie, veral noudat nog 'n besige kwartaal begin. Maar bedink die dinge wat daar bo is, en nie wat op aarde is nie (Kol 3:2), en laat ons nie ons roeping as ligdraers vergeet nie.

Die vakansie is weer verby vir die meeste van ons en daar lê 'n nuwe kwartaal voor. Sterkte en geniet dit, soos wat Prediker sê: "VERBLY jou, o jongeling in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë. Maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring".

Hierdie is weer 'n uitgawe met 'n wye verskeidenheid van artikels en onderwerpe, met selfs weer die sleutelgat. Geniet dit.

Namens die Kaapse redaksie, Sjirk

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Carina Bijker caad@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker; Lieze Bron; Willem de Jager; Eric Danielz
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente gdevente@global.co.za
Artikelversorgsters: Cornelia Kerkhoff; Hendriëtte Pouwels
Finansies: Erik Visser

Kaapstad:
Redakteur: Sjirk Geerts 14160986@sun.ac.za
Lede: Anja Luijk, Marthie Breytenbach
Finansies: Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker arjanb@tuks.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 11 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Uit die Woord

GALASIERS 6:10

"Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof."

In ons land word voortdurend 'n beroep op ons gedoen om goed te doen. Daar is immers so baie nood in ons land. Dink aan die armoede, gebrek aan klere en behuising, die nood van werkloses en vigslyers. Besef ons vandag werklik wat dit beteken om aan almal goed te doen? En doen ons ook goed aan almal?

Wat is dit om aan almal goed te doen?
Om goed te doen is om vir ander mense dinge te doen wat goed en nuttig is. Ons moet vir mekaar omgee. Dit is nie 'n maklike taak nie. Ons is geneig om goed doen te beperk tot hulle van wie ons iets kan terug verwag. Ons belange staan in ons tyd dikwels sentraal. Die verleiding is daar om net op myself te fokus: my loopbaan, my stokperdjies, my plesier.

Om goed te doen moet ek myself verloën. Ons moet ook onvermoeid goed doen (vs. 9). Dit beteken om bepaalde goeie dinge dag in en dag uit te doen. Ons het die neiging om te verslap, veral as ons nie die beoogde reaksie of resultate ontvang nie.

Hoe kan ek goed doen aan almal as dit so moeilik, so veeleisend en vermoeiend is?
Slegs deur geloof. Deur God se verbasende liefde vir my, 'n verlore sondaar, aan te neem. Hy wat Homself vir my oorgegee terwyl ek nog sy vyand was. Wat 'n goedheid! Christus het werklik aan almal goed gedoen, aan die ondankbares, die slegtes, die verlorenes. En slegs deur te glo dat Christus in my woon, sal ek ook goed kan bly doen aan alle mense. Uit my eie krag sal ek dit nooit kan doen nie. Ek moet 'n nuwe skepping in Christus Jesus wees. Ek moet meer en meer aan Christus gelykvormig word.

Aan wie moet ek goed doen?
Sommige benadruk die woorde "maar die meeste aan die huisgenote van die geloof" in so 'n mate dat goed doen slegs op die huisgenote van die geloof gerig word terwyl almal daarbuite vergeet word. Tog is die apostel duidelik dat hy werklik wil hê dat ons aan almal goed doen, ongeag die ras, nasionaliteit, klas, godsdiens of wat ook al.

Hier reageer die apostel ten dele op die valse leraars, die Judaiste, wat van mening was dat 'n mens deur besnydenis tot God se spesiale volk (Israel) toetree en afgesonder word van alle ander mense. Die onbesnedenes was 'n klomp verlorenes, wat geen goedheid hoef te ontvang nie.

Paulus benadruk egter in Gal 3:8 dat Abraham 'n seën vir alle volke sou wees. Jesus Christus het hierdie waarheid bevestig en vervul. Hy het gesterwe nie slegs vir Jode nie, maar vir mense uit alle stamme en volke en tale. Nou dit so is, sê Paulus aan die Galasiërs, mag jy nie die heidene los in hul ellende nie. Inteendeel, jy moet die liefde wat Christus vir jou gewys het weerspieël in jou omgang met ander.

Hoe moet ons dan die laaste woorde van die teks verstaan?
My eerste verantwoordelikheid is altyd teenoor hulle wat naaste aan my is, nl. my medegelowiges. Paulus skrywe in 1 Tim 5:8 "Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige." Sterk woorde! Verwaarlosing van jou huisgenote sou Christus se evangelie van liefde bespotlik maak. Buitestanders sal nie veel dink van jou Christenwees. Dit sal hulle in elk geval nie na die kerk trek of hulle bring tot verheerliking van die Vader in die hemel nie. Daarom moet die evangelie van redding deur Christus weerspieël wees in die omgang met mekaar.

Waar moet ek goed doen?
Om aan almal goed te doen begin by die huis. As ek aan ander goed doen terwyl ek die behoeftes van my ouers, boeties of sussies ignoreer, dan beoefen ek nie die deug van goedheid nie.

Ander geleenthede om goed te doen verskil van persoon tot persoon. Beskou jou gawes, jou talente, jou werk en jou omstandighede as 'n spesiale erfdeel wat God aan jou toevertrou het om daarmee ander te dien. Soos die apostel Petrus skrywe in 1 Pt 4:10: "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God."

Die meeste geleenthede om goed te doen, kom na ons toe op ons normale daaglikse lewenspad. Min mense het ooit die geleentheid om 'n mens uit 'n brandende motor te red. Elkeen van ons het wel die geleentheid om 'n vriendelike en bemoedigend woord te spreek, om die kleine, byna onsigbare daad te verrig wat die lewe vir ander meer plesierig kan maak.

Dalk is een van die mees voor die hand liggende areas waarin jy goeie werke kan doen jou daaglikse werk. Beskou jou beroep of studies as 'n geleentheid om die goeie dinge te doen wat God vir jou beplan het. Sodat die mense julle goeie werke kan sien en jul Vader wat in die hemele is verheerlik. Wees diensbaar vir ander mense. Wys dat jy nie slegs beoog om geld te maak nie. Lewer goeie produkte, en goeie dienste. Toon opregte belangstelling in die welsyn van die mense waarmee jy in aanraking kom. Behandel hulle goed en billik.

Spreek 'n bemoedigend woord waar moontlik. Luister vir mekaar. Aanvaar die koste van goeie werke in terme van tyd, aandag en inspanning. Beskou die geleenthede om goed te doen nie as interrupsies nie, maar as deel van God se plan vir jou. Hy het jou tog geskape in Christus Jesus tot goeie werke? Leef vanuit Christus. Fokus op sy liefde vir jou. En weerspieël die liefde in jou omgang met ander. Bid vir sy genade om verder te kyk as jou eie belange en om die node en behoeftes van ander raak te sien. En wees ontvanklik vir die genade wat jy nodig het om te groei in die deug van goedheid. In geloof.

*** Samevatting van 'n preek gehou deur Ds. Kleyn**

WÊRELDGELYKVORMIGHEID

Romeine 12

Rudolf Meijering

In Romeine 12:2 vermaan Paulus ons. Sy opdrag klink duidelik, "word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie". Dus, moenie dat julle lewens dieselfde vorm as die wêreld of heidene aanneem nie. Ons kan dus sê ons lewens moet 'n ander vorm as die van die goddelose kry. Hoe moet jy dan jou lewe verander? Paulus sê "word verander deur die vernuwing van julle gemoed". Dus ons moet ons gemoed of hart en siel en nie ons uiterlike vernuwe.
Is dit dan 'n nuwe gebod, wat ons tot regverdiging moet navolg? Nee, "Christus is die einde van die wet tot geregtigheid van almal wat glo" (Rom 11:4), dus die wet kan ons nie regverdig nie. "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word" (Rom 11:9), ons regverdiging kom dus alleen uit geloof. Selfs ons geloof word aan ons gegee: "Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God" (Rom 11:17). Ons word regverdig geag deur ons geloof in Jesus Christus. Die geloof kom uit die hoor van die woord van God en word deur die krag van die Heilige Gees in ons gewerk. Daarom is hierdie vermaning net soos die hele woord van God 'n opdrag tot lewens vernuwing en is dit nie 'n nuwe gebod nie. Deur hierdie vermaning of woord te hoor kom ons deur die Heilige Gees tot geloof. Deur ons geloof word ons vernuwe en dan regverdig voor God geag.
Romeine 12 gee ten eerste die opdrag dat ons, ons "liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer" (Rom 12:1). "Dit is julle redelike godsdiens" sê hy. "Én word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie"(Rom 12:2). Hiermee saam moet ons ook ons hart en siel so verander dat ons kan "beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is" (Rom 12:2). Wat is God se wil met ons lewens? Dat ons 'n lewende offer tot sy eer kan wees en dienende lede van die liggaam van Christus.
Om so 'n lewe te kan lei, skenk God nie alleen die Heilige Gees aan ons nie, maar ook genadegawes. Hierdie genadegawes is dieselfde as waarna Jesus as talente in een van sy gelykenisse verwys. Dit is

nie gawes soos taalvaardigheid, aanleg in wiskunde of 'n talent in sport nie, nee hierdie gawes het 'n baie spesifieke doel en is tot opbou van die kerk en tot eer van God. Dit is gawes soos "profesie, na die maat van geloof; of bediening in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; of wie vermaan, in die vermaning; of wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger, is met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid" (Rom 12:7-8). Net soos al drie diensknegte nie ewe veel talente in die vergelyking van Jesus ontvang het nie, besit ons "genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is" (Rom12:6). Daarom waarsku Paulus ons om nie hoogmoedig te raak nie. Ons kan en mag nie roem oor hierdie gawes nie, want ons het niks gedoen om dit te verdien nie. Verder as ons sou roem in ons gawes sou ons net soos die heidene ons eie eer soek, maar ons moet 'n lewe lei tot eer van God. Ons moet ook "daaraan dink om besadig te wees na mate die geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het" (Rom 12:3).
Dus moet ons ons hart en siel so verander dat ons volgens die wil van God sal gaan leef. Ons moet nie soos die wêreld ons eie eer soek nie, maar met die genadegawes wat ons ontvang het opbouende lede van die liggaam van christus wees en ons lewens as 'n lewende offer **tot eer van God** gaan uitleef.

DIE BOEK DANIËL

Corneel Hagg

Die boek Daniël is 'n boek wat opgedeel kan word in twee dele, naamlik 'n geskiedenis en visioene. Aangesien ons nie 'n presiese lyn tussen die twee kan trek nie is die boek een boek. Hierdie twee dele kan nie geskei word, want die een kan nie sonder die ander verstaan word nie. In hierdie boek word vir ons duidelik gemaak hoe ons moet optree in die stryd tussen geloof en ongeloof, dit wat reeds in Genesis 3:15 vir ons geleer is. En hoewel daar van baie verdrukkings van die kerk gepraat word, is die oorwinning uiteindelik vir die Here en sy volk. Daarom is Daniël 'n troosboek vir die kerk.

Hierdie boek is vir alle tye maar ons moet oplet in wattter tyd die visioene in die eerste plek afspeel. Dit kan ons lees in die hoofstukke 7-12.

In die boek word vir ons 'n verre toekoms beskryf (8:26). Van die begin af word deur visioene gewys wat gaan gebeur. Ons moet oplet dat die eerste visioen in hoofstuk 2 al geopenbaar word, maar nog steeds deurtrek tot vandag toe. Dit wil sê dat dit betrekking het tot die tyd wanneer Christus terug kom op die wolke. In hoofstuk 8 is nog 'n duidelike visioen van die toekoms, wat selfs met name en plekke aangedui word. In hoofstuk 12 kom daar nou juis 'n omkeer, want hier word Daniël gesê dat die gesigte verborge en verseël sal bly. Wat die visioene betref is die boek Daniël dus bestem vir die tyd vanaf Daniël tot die wederkoms.

Vir 'n 'n paar honderd jaar is hierdie visioene verborge gehou. In die eindtyd, dit is na die bybel voltooi is, kon God se volke, en ons vandag, leer wat dit vir ons inhou. Al die visioene wat daar afgespeel het, het al in die verlede of sal in die toekoms in vervulling gaan.

Maar hoe kon die gelowiges nou vasstel dat die tyd van die einde aangebreek het en dat Daniël se "testament" dus oopgemaak kon word? Wel in hoofstuk 7:25 is sprake van konings wat hulleself sou verhef teenoor God en sy volk. Dit was al die konings wie se identiteit vasgestel kon word, bv. die konings van die noorde en die suide. In hierdie hoofstuk word verwys na vier diere wat verwys na vier koninkryke rondom die Middellandse see. Die klein horing wat tussen die tien uitgekom het, wat oë van 'n mens gehad het en teen die heiliges oorlog gevoer het en gewen het, is die koning Antiochus Epifanes. Sy oorlog word deur Satan tot die wederkoms van Christus voortegesit.

Hierdie boek was vir die vroeër volk en is vir ons ook 'n bemoedigingsboek. Wat hier gesien word is al die verdrukkings en vervolgings wat alle eeue al deur gebeur. Maar ons moet ook let op die einde van al die visioene. Elke visioen wys dat God regeer en sê dan ook vir ons dat wie volhard tot die einde toe die vrugte mag smaak van die ewige lewe. Hierdie martelaarsboek, die Openbaring aan Daniël, het die kerk getroos in die tye toe daar geen profetestemme was nie, tussen die Ou en Nuwe Testament.

Ons moenie dink dat die boek se hoofdoel was om vir die Persiese en Makkabese tyd die volk te troos nie. Op meer plekke in die bybel vind ons aanhalings van gedeeltes uit die boek Daniël. 'n Voorbeeld is die woorde "*Seun van die mens*" en "*groot verdrukking*" wat die Here Jesus gebruik in Mattheüs. Let ook op die woord "dier" wat voorkom in Openbaring 13. Christus het self na die boek Daniël verwys toe Hy gepraat het van die groot gruwels wat sou kom en gekom het en nog sal wees tot in ewigheid (Matt 24:15). Hier het Christus die gebeure aangehaal wat Daniël gesien het soos die verwoesting van die tempel, die vervolging van die kerk en die verdere geskiedenis. Daniël leer ons dat ons dan nie moet begin wonder of daar ooit nog hoop vir 'n Christen kan wees nie, as die kerk eeu na eeu verdruk word. Onthou dat God se Seun vir ons redding gekom het. Hy is die rots wat die groot beeld van Nebukadnesar verpletter het en gesê het:"wie volhard sal gered word". Glo en bely, want Hy kom weer terug en haal al die kwaad weg. Daniël moet nooit 'n geslote boek vir ons bly nie. Hierdie boek moet vir ons 'n troosboek wees wat die redding vir ons belowe het. Volhard dus in die geloof en vertrou op God want die bruilof van die Lam kom.

LEER MY NA U WIL TE HANDEL

Carina Bijker

'n Mens kan met verkeerde bedoelings Bybelstudie doen. Dan is Bybellees en Bybelstudie nie tot eer van God nie. Laat ek verduidelik:
Iemand kan met presies dieselfde entoesiasme 'n Bybelstudie en byvoorbeeld 'n wetenskapstudie aangepak. Kennis word verbreed, en so iemand voel trots op behaalde resultate. Soos 'n chemikus vreugde uit sy nuwe interessante eksperimente kry, kry die een wat die Bybel lees en 'n nuwe ontdekking maak, ook vreugde. Dié vreugde is niks meer spiritueel as die van die chemikus nie. En soos die chemikus in sy belangrike ontdekkings meer en meer self versekerd word, is dit ongelukkig by die Bybel-ontdekker dieselfde.

Die Woord van God word op verskillende maniere gelees. Sommige lees dit omdat dit nou maar so hoort, ander omdat dit "in" is om die Bybel te ken, of net omdat dit "dom" sou wees as jy dit nie ken nie. Ander lees dit omdat hul nuuskierig is, en lees dit soos hul ander boeke ook sal lees. Daar is dié wat dit lees om goeie argumente oor die Bybel te kan vorm, om veral anders-denkendes te kan weerlê. Maar in al die bogenoemde punte is daar nie een waar dit oor God gaan nie, geeneen is op soek is na geestelike opbouing nie.

Wat behels dit dan om waarlik voordeel uit die Bybel te kry? 2 Tim 3:16&17 gee 'n mooi antwoord: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

Kyk mooi wat hier staan. Die Heilige Skrif is aan ons gegee, nie vir intellektuele voldoening nie, maar om ons toe te rus met goeie werke.

Hoe kry jy ware voordeel uit die Woord?
Eerstens kry jy voordeel uit die Woord as die Woord jou oortuig van jou sonde. Ons eerste plig is om ons verdorwenheid bloot te lê. Ons is siek en het 'n dokter nodig: Lukas 5:31. Sonder sondebesef is jou mooi lewe niks.

Daarna kry jy berou oor jou sonde. Hand 2:37 sê: "As die Heilige Gees so in jou werk dat jy jou innerlike verdorwenheid kan sien, dan is jy waarlik geseënd." Gee jou studie van die Bybel jou 'n gebroke hart, maak dit jou nederig voor God, en bring dit jou tot opregte berou voor die Here? "Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word" (Matt 5:4), en "Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd." (1 Pet 5:6)

Dit moet ly tot belydenis van die sonde. Spreuke 28:13."Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind". Daar is nie ware vrede vir die gewete en geen rus vir die hart as die las van onbelede sonde op jou rus nie. Dawid het dit ook ervaar: "Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed" (Psalm 32:3,4) en dan volg sy erkentenis en vrede in vers 5 "My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê:

Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe."

Wanneer jy 'n diepe haat vir die sonde kry, sal jy geestelik meer uit die Woord kry. Ps 97:10 sê: "o Liefhebbers van die HERE, haat die kwaad! Hy bewaar die siele van sy gunsgenote, Hy red hulle uit die hand van die goddelose." Ons kan nie God liefhê sonder om te haat wat Hy haat nie (C H Spurgeon). Deur na ons hart se houding teenoor die sonde te kyk, kan ons dit agterkom. In Ps 119: 104 staaf Dawid: "Uit u bevele kry ek verstand; daarom haat ek elke leuenpad." Dit is nie *sommige* of *baie* nie, maar *elke*, en *alle*. Ps 119: 128: "Daarom hou ek al die bevele aangaande alles vir reg; elke leuenpad haat ek".

Hoe meer jy die Bybel lees hoe meer sal jy agterkom wat God wil en wat nie. Ons moet die wil van God nastreef. "Laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring." Nog 'n reël waaraan ons ons kan toets: Is die lees en bestudering van die Woord besig om my doen en late te suiwer? Dis nie genoeg om jou sondes te erken en te bely nie, maar jy moet ook daarvan afstand te doen.

Die Bybel wys ons nie net op ons sonde en tekortkomige nie, maar ook op hoe ons ons daarvan kan weerhou. "Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie." (Ps 119:11). Dis wat ons moet doen: "Neem tog uit sy mond onderrig aan, en lê sy woorde weg in jou hart." (Job 22:22) Die enigste manier om te voorkom dat 'n land vol onkruid groei, is om goeie saad daarin te saai. Rom 12:21: "Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie." Hoe meer ons God se Woord in ons laat woon, hoe minder plek sal daar wees vir die beoefening van sonde in ons harte en lewens.

As dit so kan wees sal dit lei tot die doen van die *teenoorgestelde* van sonde. Sonde rebelleer teen God, en sonde is die besluit om my eie weg te gaan. Maar die teenoorgestelde van dit is om op die pad van gehoorsaamheid te loop. Die vraag wat ons onself kan vra is: Is die werke wat ek doen, die gedagtes wat ek koester, die hart wat my beheer in die regte weg van God se Woord? Jakobus 1:22 sê: "Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red."
Laat ons dan bid soos Dawid in Ps 119:35 "laat my wandel op die pad van u gebooie, want daarin het ek 'n behae."

Vrylik vertaal uit "Profiting from the Word" deur AW Pink.

Oppad

Is God almagtig?

Adrian van den Berg

Ja.

Almal van ons weet tog dat God almagtig is! Wat 'n dom vraag! Ons is al van kleins af geleer dat God almagtig is, ons bely dit in die Geloofsbelydenis, en ons lees dit telkens weer in die Bybel.

Maar kom ons dink 'n bietjie verder. God is lief vir ons, so lief dat Hy Sy Seun vir ons opgeoffer het. As God almagtig is, hoekom moes Hy Sy Seun vir ons laat sterf het? Hoekom kon Hy nie net ons sondes vergewe en vergeet het nie? As God almagtig is, hoekom ervaar ons dan telkens weer teëspoed, siekte en dood in ons lewens? As God almagtig is, hoekom laat Hy rampe soos die onlangse tsoenami in Asië toe? Daar was amper 150 000 mense wat gesterf het, onder wie sekerlik ook Christene! As God goed was, sou Hy Sy skepsels gelukkig wou maak, en as God almagtig was, sou Hy dit ook kon doen. Maar God se skepsels is nie almal gelukkig nie. Hoe kan God dan beide goed en almagtig wees?

Hoekom nie net vergewe en vergeet?

God is waarheid – alles wat Hy doen is reg. Hy is heilig, en daarom kan die sonde nie voor Hom bestaan nie. God is regverdig, en daarom volg dit dat daar aan God se regverdigheid voldoen word. Daarom moet ons self of deur iemand anders vir ons sondes betaal. Aangesien ons dit nie self kan doen nie, moet iemand anders – Christus – vir ons sondes betaal. Deur hierdie betaling voldoen ons aan God se regverdige eise en kry ons toegang tot die ewige lewe.

Hoekom laat God rampe en teenspoed toe?
Laat ons eers die saak in perspektief plaas. Wie veroorsaak nou eintlik al hierdie pyn en swaarkry? Die mens en sy sonde is die oorsaak van al die trauma. God het die wêreld perfek geskape – die mens was voor die sondeval volkome heilig, en die wêreld was sonder gebrek. Ons lees in Genesis 1:31 - "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed."

Die oorsprong van die ellende is dus die mens. Dit is ook hoekom rampe soos die onlangse tsoenami deur God toegelaat word. Dit is deel van die almagtigheid van God: Hy kan die kwade wat Hy haat, toelaat sonder om daaraan skuld te dra. In 'n kultuur waar mense al hoe meer vashou aan die idee dat hulle hul omgewing kan beheer, gee God skielik 'n rotsvaste getuienis van sy almag. God word deur sommiges blameer vir die ramp en ander vra verontwaardig: "Hoe kon (durf) God dit toelaat?"

God belowe nêrens in die Bybel dat die lewe hier op aarde probleemvry en altyd plesierig sal wees nie. Inteendeel, in Genesis 3:16 lees ons "Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap" en in die volgende vers "vervloek is die aarde om jou ontwil – met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring." God het ons dus gewaarsku.

Hoekom maak God nie sy al skepsels gelukkig nie?
God is veel groter en magtiger as ons, dus is dit logies dat sy definisie van wat "goed" vir ons is, grootliks van ons s'n sal verskil. God is alwetend, en daarom weet Hy ook veel beter as ons wat vir ons goed is. Ons kan op God vertrou om te doen wat vir ons goed is. God is ook nie 'n koue of onbewoë God nie, Hy is begaan oor die mens en sy lot. Job het byvoorbeeld nooit geweet hoekom sy lyding oor hom gekom het nie, dit was volkome onbegryplik. Maar God het Job wel laat sien dat hy op Hom kan vertrou (Job 38 – 41). Hy is wie Hy sê Hy is en nie wie die mense sê Hy is nie.

Wat kan God werklik doen?
Ek is seker dat julle ook al 'n ongelowige probeer oortuig het van God se almag. Ek is ook seker dat julle al die antwoord ken: "As God almagtig is, kan hy …" Hierop volg dan gewoonlik 'n onmoontlike en teenstrydige voorstel. As ons dan sê dat dit onmoontlik is, is die onmiddellike antwoord: "Maar jy se God kan alles doen". God kan alles doen, maar as iets so teenstrydig is, dan kan God dit ook nie doen nie. Dit is nie omdat sy krag te klein is nie, maar omdat nonsens nonsens bly, selfs as ons oor God praat. God is 'n God van orde - onlogiese, sinnelose argumente wat in die mens se sondige verstand ontstaan, kan nie op God toegepas word nie. Byvoorbeeld, as jy sê dat God 'n vrye wil aan 'n skepsel kan gee, maar op dieselfde tyd 'n vrye wil van die skepsel kan weerhou, dan het jy nog niks sinnigs oor God gesê nie. Dit bly waar dat God alles kan doen: so 'n intrinsieke onmoontlikheid is nie enigiets nie – dit is niks.

Sal mense nou probeer om God tot verantwoording te roep oor Sy almag? God bewys dwarsdeur die geskiedenis Sy almag aan ons, en die hoogtepunt was toe Hy met die opstanding van Sy Seun aan ons bewys het dat Hy selfs mag het oor die dood, en dat Hy oorwin het oor die kwaad. Sy Seun dra vir altyd die teken van die lyding, nie as slagoffer nie, maar as Redder – die Lewende wat eens dood was.

PAASFEES OF PAASHAAS ?!?

Regina van den Bout

Wat weet vandag se samelewing oor paastyd?
In vandag se samelewing word Paasfees oorgeneem deur die bemarking van die paashaas, paaseiers en die gemaklikheid van 'n lang naweek. Indien 'n kind gevra word waaroor gaan Paasfees, sal hy of sy waarskynlik antwoord dat dit oor

paaseier soektogte of skattejagte gaan en oor die paashaas. Weet vandag se samelewing nog waaroor Paasfees werklik gaan of is dit maar net nog 'n tyd om geld te maak soos Kersfees en Valentynsdag? Hoe kan ons as Gereformeerdes ons Christelike standpunt hieroor oordra aan die samelewing?

Paasnaweek as 'n langnaweek.
Die staat het al klaar Hemelvaartsdag as 'n vakansiedag afgestel. Goeie Vrydag en Kersdag is die enigste twee Christelike vakansiedae wat nog in ons land gevier word. Is dit dan reg as ons as Gereformeerdes dit as net nog 'n langnaweek sien?

Is dit nie 'n naweek waar daar van ons verwag word om in die kerk te wees en God se woord deur ons dade uit te dra na ander nie? 'n Naweek af na 'n lang, harde, warm kwartaal se werk dink ek word by almal met ope arms verwelkom, maar moet ons nie liewer ons rus by God soek, as om te gaan kamp, op 'n staptoer te gaan of 'n naweek by die see te gaan spandeer nie? In sigself is dit nie verkeerd nie, maar wie staan regtig op so 'n naweek stil by die ware bedoeling van Paasfees? As ons as Christene nie eers meer stilstaan by die ware bedoeling van die Paasnaweek nie, hoe gaan ons ander oortuig?

Verantwoordelikheid van 'n Christen.
Ons moet ons naweek so vul dat ander kan sien dat ons in hierdie naweek die kruisiging, dood en opstanding van ons enigste Heiland vier. Dit kan by die huis wees of weg, maar om Paasfees nog 'n bestaansreg te gee moet ons onsself rig op die ware betekenis van hierdie dae, en nie as 'n lang naweek of as 'n tyd waar jy jouself kan dik eet aan sjokolade hasies en eiers nie. Miskien beteken dit dat jy 'n uitnodiging na 'n vakansie oord of met 'n staptoer van die hand moet wys agv jou Christelike siening oor hierdie dae. Of as jy besluit om te gaan, bestee dan die Vrydag en die Sondag tyd om 'n preek te lees, 'n bandjie te luister of om 'n kerkdiens te gaan bywoon. Dit is nie altyd maklik nie, maar kruip ons nie te veel weg agter die feit dat jy te bang is om vir jou geloof op te staan en dit uit te leef nie? As jou vriende dit nie kan aanvaar nie, is jy dan regtig in die regte kringe betrokke? Miskien maak jou aksies 'n impak op iemand, en begin hulle dink oor wat die regte betekenis van hierdie naweek is.

Voel jy ook so?

ONS TAAK AS CHRISTENE

Alfred Haak

Om te gee of nie, dit is die vraag! 'n Mens kan nie anders as om geraak te wees deur die gebeure en die daaropvolgende armoede, verliese en dodetal van die tsunami van 26 Desember 2004 nie. Sekerlik moet geld gegee word vir dié deel van die wêreld wat reeds arm en agtergeblewe is, maar die vraag is of dit vir ons as gemeente 'n roeping is om geld in te samel.

Slegs ure na die vloedramp het al wat 'n regering is hul samewerking belowe vir die opruiming en uitken van lyke. Reddingspanne van reg oor die wêreld was binne 'n dag op die toneel van verwoesting. Ministers van buitelandse sake van elke land was in kennis gestel van alle lyke sodat hulle families van toeriste in kennis kon stel of hul geliefdes omgekom het in die ramp of dat hulle op pad terug is. Advertensies op TV wat die verwoesting sonder skroom gewys het, het gevra

vir donasies. 'n Fotograaf is betrap waar hy 'n strandtoneel, met lyke oral, gedokter het vir meer trefkrag vir sy foto. Kort na die vloedramp het gerugte die rondte gedoen dat kinders sonder ouers ontvoer is en in naby geleë lande verkoop is vir allerhande duistere bedoelings. Politici oral het hul (logiese) afkeuring daarvan uitgespreek en elke TV-stasie het dit natuurlik baie lugtyd gegee. Akteurs en sangers het die glans van Hollywood verlaat om hand by te sit.

Die punt is dit: Dit was 'n perfekte publikasie geleentheid vir almal wat wou beïndruk. Dit is ook nie 'n geheim dat kinderuitbuiting in elk geval daar gebeur nie, die golf het dit nie begin nie. Dit het net nooit voorheen regtig enige aandag gekry nie, dit was daardie lande se eie probleem. Net so ook kan gesê word dat die lande wat getref is deur die tsunami deurlopend finansieël hulp nodig het, maar veels te min kry. Almal ken die spreuk: gee 'n man geld en hy kan eet vir 'n dag; gee hom 'n visstok en hy kan vir altyd eet. Hoekom word daar net werk van gemaak om die gevolge van armoede te bekamp, terwyl die oorsake oor die hoof gesien word? Dit is my opinie dat ons as gemeente nie deel wil wees van so 'n media-dolheid nie. Hoekom moet die kerk se naam hierby genoem word? Die kerk bestaan tog uit menige lede wat saam die liggaam vorm. As die lede dan geld gee doen die kerk dit mos onwillekeurig.

Ons kan natuurlik elkeen afsonderlik as christen gee uit die oorvloed wat God vir ons gee, en uit dankbaarheid behoort ons ook. Maar wil ons in die situasie wees dat ons motiewe bevraagteken word? Ons kan meer bereik deur hulle op te dra in ons gebede en aan te hou bid vir almal wat in armoede sit. Ons hoef ook nie te wag vir 'n tsunami waar 150 000 mense in een klap sterf nie. Soos Christus self gesê het, daar sal altyd armes en behoeftiges vir ons wees om na om te sien.

Éen roeping en opdrag aan die kerk is die verkondiging van God se woord. Ons kan nou wel bors uitstoot en verwys na al ons sending gemeentes, maar dit hou nie daar op nie. Die vloedramp het mense baie laat nadink oor vrae soos: "Hoe kan God dit toelaat" en "Is daar nog wel 'n God?" Is dit nie maar die Heilige Gees wat indirek vir ons vra om vir hulle wat sulke vrae vra, die woord uit te lê nie? Ons troos in sulke tye is tog dat God mag het oor alles, insluitend die natuur. Hy het dit geskep en Hy onderhou dit. Of dit sy wil was om 150 000 mense te laat sterf in die vloedramp, is debatteerbaar, maar hy kon dit definitief voorkom het. Ons moet altyd onthou dat God die wêreld perfek geskape het, dit was die mens wat sonde in die prentjie gebring het. Dit is dus nie God se skuld dat 'n tsunami 150 000 mense laat verdrink nie, dat terroriste met vliegtuie in geboue in vlieg en derduisende mense laat sterf nie en dat duisende Jode in Auschwitz tot die dood gemartel en vergas is nie. Natuurrampe of menslike wreedheid, dit alles is gevolge van die sonde.

Laat ons dan almal as belydende Christene ons beursies oopmaak vir almal wat in armoede leef, vandag na die vloedramp en ook oor 'n paar jaar al is daar geen spesifieke rampe nie. Soek geleenthede om mense na die Almagtige God te verwys en laat ons na onsself kyk in dankbaarheid vir alles wat ons het. Laat ons die slagoffers en hul families in ons gebede opdra.
"Ons Vader in die hemel, dankie vir alle genadegawes wat ons daagliks uit U hand ontvang. Hou U beskermende hand oor ons, want sonder U hand sal ons sekerlik sterf."

Antwoorde:

1. Isbóset	2. Gideon	3. verbond
4. rots	5. lewe	6.Kaleb
7. Golgota	8.paddas	9. Petrus
10. Herodes	11. Isai	12. Petrus,Johannes en Jakobus

DANSENDE EN KAARTSPELENDE CHRISTENJEUG

Iwan Agema

Hoe gebruik ons ons tyd? Ons dink hier veral aan ons vrye tyd wat oorbly sodra ons die skool- of kantoordeure toetrek. Dit is nie alleen ons tyd wat ons tot ons beskikking het nie, maar die Here s'n…Ook hierdie tyd moet ons in diens van Hom gebruik. Ons wil dus na twee aspekte kyk wat soms ons vryetyd kan opeis. Ons fokus op die twee aspekte, naamlik: dans en kaartspeel.

Dans

"Jannie!" "Ja ma!" "Sal jy vanaand vir sussie oppas?" "Ag nee ma, ek gaan saam met Sarel hulle uit." " Wat gaan julle doen?" "Ek dink ons gaan dans." "Wat?!" "Ja ma, ek dink ons gaan dans!"

Voel jou ouers ook nog vandag so oor dans? Is dit nog steeds 'n doring in die vlees vir hulle as jy wil gaan dans? Wel, het jy al ooit hulle sienings in ag geneem en dans bevraagteken? Het jy al ooit dans vanuit 'n christelike oogpunt bekyk?

Kom ons begin waar 'n christen behoort te begin. Toets dit aan die Bybel. Ons lees in die Bybel sowat 25 keer dat die volk voor die Here dans. Indien die Here tóe nie 'n probleem daarmee gehad het nie, hoekom het ons ouers dan vandag nog 'n probleem met dans?

Ons moet onsself eerder die vraag vra: Hoekom dans ons? Dans ons om deel te word van die wêreldse skandes wat dikwels met dans gepaard gaan? Dans ons om mekaar uit te lok? Dans ons vir die pret en oefening? Mens kan lank aanhou vrae vra, maar die belangrikste is om jou motiewe te toets. Toets jou EERLIK aan die Bybel.

Indien jy dans en dit as oefening en pret geniet, en jy kan sê jy doen dit tot eer van die Here, kan dit sekerlik goeie ontspanning wees. Maar, HOE dans jy? Met wie? Watter tipe dans? op watter musiek? waar? met watter klere? hoe lyk jou houding? (Vergelyk die voorbeelde in die Bybel ook met hierdie kriteria).

Dit is so dat dans heeltemal kan ontaard in 'n aktiwiteit waarmee 'n christen nie te doen moet kry nie. Miskien gebeur dit op 'n plek wat absoluut net geassosieer word met verkeerde wêreldse aktiwiteite, soos bv. te veel drank en rook, dwelms, "underground" musiek ens. Ons weet almal dat dit kan gebeur dat twee persone mekaar se seksuele gevoelens uitlok tydens dans. Indien daar dus dinge gebeur tussen twee persone wat eerder in privaatheid behoort geskied, bevind jy jou op die verkeerde plek. Vra jouself ook af: Word daar dalk deur die dansaktiwiteite jaloesie tussen mense aangewakker? Dans jy met iemand anders se metgesel, vriendin of vrou en andersom? En hoe is jou houding? Dus, die mense en gebeure op die dansvloer moet by jou christelike kultuur inpas.

Die tipe musiek speel natuurlik ook 'n groot rol. Waaroor gaan die liedjies? Watter taalgebruik kom daarin voor?

Dus, as Christenjeug wil ontspan en hulle saam met ander Christene op 'n korrekte manier en in 'n skoon opbouende atmosfeer en omgewing, met ordentlike dans hulle wil verbly, is dit beslis nie sonde of wêrelds nie.

MAAR, voor jy uitgaan om te dans, doen altyd eers 'n bietjie persoonlike ondersoek. Vra jouself af: Hoekom? Waar? Wat gebeur daar? En die belangrikste: Gaan ek myself nog steeds soos 'n Christen gedra?

Onthou dat, waar ons ookal as Christene gaan, moet ons die beeld van God uitdra as verteenwoordigers van Hom, en boonop moet ALLES wat ons doen altyd tot eer van die Here wees!

Kruisdra in die Kerkgeskiedenis

MAARTEN LUTHER (2)

Tydens die ryksdag te Worms, April 1521, beroep die Roomse geestelikes hulle op Maarten Luther om dit wat hy in sy hervormings geskrifte geskryf het te herroep. Sy antwoord:
"Indien ek nie uit Gods Woord oortuig word dat ek gedwaal het nie, dan kan en wil ek nie herroep nie. Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. God help my. Amen!"

Kan hy nie anders nie? Wat? Hierdie man stel homself in doodsgevaar en dan sê hy dat hy nie anders kan nie. Watter regdenkende mens gaan druk sy kop in die bek van 'n honger leeu? Dis selfmoord! Maar is dit? Die antwoord is klinkklaar. NEE!! Dit is 'n opdrag van God, ons almagtige Vader. Geregtigheid moet seëvier, want God is 'n God van waarheid.

Luther se geskrifte was gerig teen die Roomse dwaallere. Dit was gegrond uit die Skrif en het getuig van die ware leer in Christus. Die Roomse kerk vra nou vir Luther om die inhoud van sy boeke te herroep. Dit sal beteken dat hy moet erken dat dit wat hy geskryf het, onwaar is – wat God in sy Woord aan ons beveel, verregaande is. Luther weier, want nie een van die sogenaamde Roomse geestelikes en heiliges is opgewasse om enigiets uit die skrif te bewys nie. Per slot van sake sal hulle nie in die Bybel iets vind om hul saak te verdedig nie. Die ironie – hulle het nie een die nodige Bybelkennis nie. Hul patetiese verskoning: hulle het nie gekom om met Luther te redeneer nie.

Sjoe! Dit is nogal indrukwekkend – Luther se optrede en alles. Hy het geweet dat sy besluit as "ketter" hom op die brandstapel kon laat beland en nogtans het hy deurgedruk. Merkwaardig! Die teendeel: Daar steek niks, maar niks goeds in Luther nie, want hy is 'n sondige mens. Ook nie in sy optrede nie. Hy is slegs 'n belangrike stuk gereedskap in die hand van die Here om Sy skape na die waarheid te lei. Die Heilige Gees het in Maarten Luther se hart en verstand gewerk om hom te laat optree in diens van God. Hy bewaar dan ook vir Luther, as een van sy skape, omdat hy nog benodig word om Sy plan uit te voer. Luther het geen ander keuse as om te erken dat hy nie anders kan, in die hand van die Here nie.

Die gevolg: Luther word nie ter dood veroordeel nie ('n skande vir Rome). Baie mense kry ontsag vir hom en vir dit wat hy verkondig. Frederick die Wyse neem hom wel gevange, maar dis om sy veiligheid te verseker. In gevangenskap vertaal hy die Ou Testament en later ook die Nuwe Testament in Duits. Dit veroorsaak dat die reformasie 'n hupstoot kry en dat die Lutherane hul waarborg in die Woord van God het.

Ons kan dan nou ook ons vertroue in gehoorsaamheid op God stel en sy plan met ons lewe in dankbaarheid aanvaar.

Kaartspeel

In die tye wat ons ouers nog jonk was, was dit nie altyd as 'n positiewe ding gesien om jou vrye tyd met kaartspel (harte, klawers, diamante en skoppe) deur te bring nie. Sommige het selfs van "duiwelskaarte" gepraat. Die rede hiervoor was dat dit te dikwels geassosieer is met dobbelspel. Baie dobbelspeletjies maak gebruik van hierdie kaarte.

Vandag sien ons jeug dit weer as 'n pakkie wat baie vermaak verskaf. Maar wat doen ons met hierdie pakkie kaarte? Hoe baie tyd spandeer ons aan kaartspel?

Om 'n pakkie kaarte te besit is glad nie 'n sonde nie. Dit gaan meer oor die feit wat 'n mens met daardie pakkie doen. As ons as Christene met kaarte begin dobbel, weet ons dat dit nie reg is nie. God beveel ons in Sy tien gebooie dat ons ses dae moet arbei en die sewende dag moet rus. Ons het 'n werksopdrag van God gekry. Hy is die Opperboumeester en Skepper en ons moet na Sy voorbeeld ook bou, beplan en produseer. Om op geluk staat te maak is verkeerd. Ook om ten koste van ander se verlies iets te kry, is ook verkeerd. 'n Mens kan vinnig aan geld verslaaf raak, maar dis nie alles in die lewe nie. Ons moet altyd onthou dat geld nie geluk en verlossing kan koop nie.

Dus, as ons dit selfs vandag vir dobbel-tipe speletjies gebruik, moet ons dit as verkeerd ag. Solank ons dit vir gewone ordentlike speletjies gebruik, kan ons ook die Here op die manier in ons vrye tyd dien. Die Here wil graag sien dat Sy kinders ook geniet van die lewe, maar dan beslis wel op 'n manier wat Hom verbly. Verbly ons Hom dan wel as ons te veel tyd hiervoor gebruik, en te min met ander belangrike dinge? Kom ons besin oor die tyd wat ons insit vir sulke vermaak.

In heel ons lewe, ja ook tydens ons vrye tyd, moet ons "warm" wees vir die Here, en nie dink dat ons maar so bietjie van die wêreld kan proe en tegelykertyd ook so bietjie vir God dien nie. Kom ons wees vrolike, "warm" en blymoedige kinders van God in alles wat ons elke oomblik van ons lewe doen. Ook in ons vrye tyd.

Bronne: What is a real Christian?; Die evangelie van Markus; Ma en haar tiener deur Ds Mike Muller; Van kind tot kind deur Inge Oostdijk.

Deur die sleutelgat

Welkom by reeks 213 van "deur die Sleutelgat" !!
Dieselfde gesigte, dieselfde flou grappe en natuurlik propvol vars, nuwe intrige en drama. Die langste bestaande reeks sinds "Rustelose Jare"... En dit wil gedoen word!
Eintlik is dit natuurlik 'n blatante poging om die aandag af te lei van die feit dat daar nie in die laaste uitgawe 'n sleutelgat was nie... Wel dis moeilik vir Pofadder se nuus verslaggewer om 'n artikel te maak as daar nie regtig iets van belang gebeur nie. Seker maar die hoofrede dat die "Pofadder Times" nie langer as 3 weke volgehou het nie.

Die droogte het sy tol geëis en met almal wat natuurlik minimaal stort en tandeborsel (dit vat te veel water) was sosiale interaksie beperk tot 'n minimum.
Na so 'n maand of twee van kwynende kontak het almal besluit: genoeg is genoeg. Wel, so het Ewart gedink wat natuurlik nie so geraak word deur die droogte nie, aangesien hulle vir die volgende jaar kan lewe op hulle voorraad uitermate pikante wyn wat net 'n kenner ten volle kan waardeer... Buitendien besit hy (weereens) 'n skoon swembad en wou die geriewe met almal deel. Vreugdevure het gebrand met al wat kruipende diere en 'n paar geveerde vriende opgehad het. Siebe, ons Nederlandse braai geesdriftige, het 'n enorme springboksteak probeer gaarmaak. Die bloed was nog nie eens geskroei nie of hy het begin weglê. Bietjie "raar" dus.

Die gaste was beskeie en wou nie oorgretig lyk om te gaan swem nie, dis toe dat Chris "the bomb" sy verskyning maak en 'n menigte in die swembad gooi. Aangesien dit donker was en die geroesemoes alle olfaktoriese bewyse onmoontlik gemaak het, kon ons net die volgende vasstel: Bloedspore langs die swembad het negatief getoets vir anaboliese steroïdes en aangesien Chrisjan se been die volgende dag die voorkoms gehad het van 'n onhigiëniese slaghuis is die logiese afgelei.

Blykbaar was droë klere in aanvraag en Ewart moes toe maar ingryp. Adrian se skoene is nou mooi skoon, Siebe se selfoon ook (ons tegnologie is nog nie op EU standaarde nie) en een of twee ander se krete was tevergeefs. Volpunte Chrisjan en 'n ekstra pluimpie vir jou dat jy vrywilliglik self toe ook maar inspring.

Hans, "they call me Hans, because I'm good with my hands...", het die naweek 'n draai kom maak en ons was verheug om een van ons wyse mentors weer by ons te hê. Alhoewel hy blykbaar net te veel vir Ali Z gemis het. Nietemin sal hy in ons geledere altyd stewig in die "saal" sit.

Laaste maar nie die minste nie geniet ons die afgelope tyd van verskeie geleenthede om by Siebe en Albertjan te braai. Elke hond kry sy dag en die gesegde was telkemale gestaaf met geen teëstribbeling van die betrokke hond nie. Maar met onwillige honde kan mens nie hase vang nie, en gevolglik is daar nie veel gebraai nie. Siebe was vroeg bed toe en ons dag toe: mens moenie slapende honde wakker maak nie. Veral nie as hulle die volgende dag gaan bergklim nie. Was lekker gewees, hoor!

Dit is vir eers al. Ek sal my oë goed kosgee en sekeres vierkant in die oë kyk en wees nie bevrees nie, by my is dit nie "uit die oog, uit die hart" nie! Tot wedersiens!

Voetspore

Hier kom weer nuus in. Ten eerste wil ons 'n enorme groot gelukwensing doen. Ons ou vriende uit Nederland het in die huweliksboot geklim, geluk aan Harm en Leonie met hul huwelik. Mag die seën van die Here oor julle wees, sodat vreugde uit julle twee mag kom. Sterkte namens die jeug SUID-AFRIKA.

Nou ja, terug by die uitstekende jeuggebeure. Die jeug van wes het so 'n paar weke terug 'n gemeentedag gehad. Soos verneem is, het daar so

'n paar die pad na Silkaatsnek aangedurf met hul fietse. Flukse klomp né? Maar weens die nare ongemanierde pad het een die pad maar gekoop met soooo 'n bietjie bloed en sweet. Maar nou ja, nie te erg nie.

Verder was daar die mees opwindende lesing gehou. By De Vries se plek d.w.s die jeug se aksie sentrum; oor die 2e wereldoorlog. Ons sê gou dankie vir Dr Meyer vir sy interessante toespraak.

En soos voorheen, kuier die jeug weer land en sand. Alles is weer aan die swot. Maar gelukkig was daar 'n vakansie tussen in, en 'n paar dapper stappers gaan alweer die Drakensberge gaan beklim. Verder het Pretoria weer oorgeloop van Kaapenare, dit was gesellig!

So ja, uiteindelik kom die jeug so bietjie tot bedaring. Die sweet tap al van my gesig van al die stres dat ek nie dalk iemand vergeet het nie, want netnou word ek geskors uit die jeug. Tot volgende keer. Sterkte met die swottings en die werk!

Nog iets

THE ROOM

In that place between wakefulness and dreams, I found myself in the room. There were no distinguishing features save for the one wall covered with small index-card files.

They were like the ones in libraries that list titles by author or subject in alphabetical order. But these files, which stretched from floor to ceiling and seemingly endlessly in either direction, had very different headings. As I drew near the wall of files, the first to catch my attention was one that read "Girls I Have Liked." I opened it and began to flipping through the cards. I quickly shut it, shocked to realize that I recognized the names written on each one.

And then without being told, I knew exactly where I was. This lifeless room with its small files was a crude catalog system for my life. Here were written the actions of my every moment, big and small, in a detail my memory couldn't match.

A Sense of wonder and curiosity, coupled with horror, stirred within me as I began randomly opening files and exploring their contents. Some brought joy and sweet memories; others a sense of shame and regret so intense that I would look over my shoulder to see if anyone was watching. A File named "Friends" was next to one marked "Friends I Have Betrayed."

The titles ranged from the mundane to the outright weird: "Books I Have Read," "Lies I Have Told," "Comfort I Have Given," "Jokes I Have Laughed At." Some were almost hilarious in their exactness: "Things I've yelled at My Brothers." Others I couldn't laugh at: "Things I Have Done in Anger," "Things I Have Muttered under My Breath at My Parents." I never ceased to be surprised by the contents. Often there were many more cards than I expected. Sometimes there were fewer than I hoped.

I was overwhelmed by the sheer volume of the life I had lived. Could it be possible that I had the time in my twenty years to write each of these thousands, possible millions, of cards? But each card confirmed this truth. Each was written in my own handwriting. Each signed with my signature.

When I pulled out the file marked "Songs I Have Listened To," I realized the files grew to contain their contents. The cards were packed tightly and yet after 2 or 3 yards, I hadn't found the end of the file. I shut it, shamed, not so much by the quality of music, but more by the vast amount of time I knew that file represented.

When I came to a file marked "Lustful Thoughts," I felt a chill run through my body. I pulled the file out only an inch, not willing to test its size, and drew out a card. I shuddered at its detail contents. I felt sick to think that such a moment had been recorded.

Suddenly I felt an almost animal rage. One thought dominated my mind: "No one must ever see these cards! No one must EVER see this room! I have to destroy them!" In an insane frenzy I yanked the file out. Its size didn't matter now. I

had to empty it and burn the cards. But as I took the file at one end and began pounding it on the floor, I could not dislodge a single card. I became desperate and pulled out a card, only to find it as strong as steel when I tried to tear it. Defeated and utterly helpless, I returned the file to its slot. Leaning my forehead against the wall, I let out a long, self-pitying sigh. And then I saw it. The title bore "People I Have Shared the Gospel with." The handle was brighter than those around it, newer, almost unused. I pulled on its handle and a small box, not more than three inches long, fell into my hands. I could count the cards it contained, on one hand.

And then the tears came. I began to weep. Sobs so deep that the hurt started in my stomach and shook through me. I fell on my knees and cried. I cried out of shame, from the overwhelming shame of it all. The rows of file shelves swirled in my tear-filled eyes. No one must ever, ever know of this room. I must lock it up and hide the key.

But then, when I pushed away the tears, I saw Him. *No, please, not Him. Not here. Oh, anyone but Jesus.* I watched helplessly as He began to open files and read the cards. I couldn't bear to watch His response. And in the moments I could bring myself to look at His face, I saw a sorrow deeper than my own. He seemed to intuitively go to the worst boxes. Why did He have to read every one?

Finally He turned and looked at me from across the room. He looked at me with pity in His eyes. But this was a pity that didn't anger me. I dropped me head, covered my face with my hands, and began to cry again. He walked over and put His arm around me. He could have said so many things. But He didn't say a word. He just cried with me.

Then He got up and walked back to the wall of files. Started at one end of the room, He took out a file and, one by one, began to sign His name over mine on each card.

"No!" I shouted, rushing to him. All I could find to say was "No, no," as I pulled the card from Him. His name shouldn't be on these cards. But there it was, written in red so rich, so dark, so alive. The name of Jesus covered mine. It was written with his blood.

He gently took the card back. He smiled a sad smile and continued to sign the cards. I don't think I'll ever understand how He did it so quickly, but the next instant it seemed I heard Him close the last file and walk back to my side. He placed His hand on my shoulder and said, "It is finished."

I stood up, and He led me out of the room. There was no lock on its door. There were still cards to be written...

Geneem uit "I Kissed Dating Goodbye" by Joshua Harris

BLOKKIESRAAISEL

1. Watter seun van Saul het koning geword in die tyd wat Dawid koning van Juda was? (2 Sam. 2:10)
2. Kies die korrekte antwoord: (Abimelek, Simson, Gideon) het die naam Jerubbaäl gekry.
3. Gee 'n sinoniem vir die woord testament.
4. Wat beteken die naam Petrus?
5. Voltooi Jesus se woorde: "Ek is die weg en die waarheid en die ....."
6. Wie het ná die verkenning van Kanaän saam met Josua voor die volk getuig dat God met hulle is?
7. Wat is die naam van die plek waar Jesus gekruisig is?
8. Wat was die tweede plaag wat die Egiptenare getref het?
9. Watter apostel het 'n vrou uit die dood opgewek deur te sê: " Tabita, staan op!"?
10. Wie het vir Jakobus, die broer van Johannes laat doodmaak? (Hand. 12:1,2)
11. Uit wie se seuns moes Samuel Saul se opvolger salf? (1 Sam. 16:1)
12. Watter drie persone was tydens Jesus se verheerliking op die berg by Hom?

Q	S	E	N	N	A	H	O	J
W	S	N	O	E	D	I	G	J
S	A	B	E	L	A	K	O	A
E	D	R	O	I	Y	S	L	K
D	D	X	Z	S	K	U	G	O
O	A	L	B	A	E	R	O	B
R	P	E	S	I	M	T	T	U
E	K	W	T	C	N	E	A	S
H	S	E	O	R	L	P	G	Y
D	V	E	R	B	O	N	D	L

Vind die antwoorde op die vrae in die onderstaande blok en omkring dit (antwoorde p10)

Gedigte

IN TYD VAN STORM

Oseane val aan oor die grens
en verslind die werke van die mens.
Vlamme slaan soos masels uit
en vier in wonings groot jolyt.
Verward probeer die mens verhoed.
Manne tree na vore vol met moed.
Met 'n wal sal hul die golwe rig
en vuur sal voor hul water swig.
Maar dit is sonder resultaat,
die mens se werke word gesmaad.
Verslae val die mens te neer
by die aanskoue van die weer.

Maar dan kom God en lig hul oog
na die teken in Sy hemelboog.
Skuldbewus word die hande gevou
het hul nie op hulself vertrou?
Dan kom daar vrede in die hart
wat anders die Drie-enige wou tart.
Al word die golwe nie verstaan
is dit Hy wat die menselewe baan.

(Willem Feenstra 2005)

VERJAARSDAE

Johannesburg

Leo Boessenkool	23-Apr

Kaapstad

Corlia Drijfhout	7-Apr
Alfred Haak	24-Apr

Maranata

Gerrit Kamphuis	7-Apr
Irma Boon	20-Apr
Jessica Kampman	21-Apr
Albert Bouwmeester	22-Apr
Janneke de Vries	30-Apr

Pretoria

Monique Bosker	4-Apr
Rolandi van den Berg	5-Apr
Anita Zielman	9-Apr
Ingrid Byker	13-Apr
Petra Ros	14-Apr
Jo-Rien Van Staden	16-Apr
Annelie Hagg	20-Apr
Ranko Agema	23-Apr
Johann van Staden	26-Apr
Nicolas Kleyn	26-Apr

'No one cares how much you know UNTIL they know how much you care'